Ontmoeting 25 Jesus maak die storm stil

Markus 4:35–41

Ons kan Jesus altyd vertrou, selfs in die moeilikste tye.

Hulpmiddels

Iets om kinders mee te blinddoek

Twee groot kopieë van emosiegesiggies en potlode

Bakke met water

Papier vir papierbootjies

Papier en kryte

WELKOM

Groot groep (massa): Hande storm

Wanneer ‘n groep mense hulle vinger klik, klink dit soos reëndruppels wat val. Wanneer hulle hande teenmekaar vryf, herinner die klank ‘n mens aan die wind wat waai. Die klank van harde reën (stortreën) kan geskep word deur met die hande op die bobene te slaan.

Skep ‘n storie

Jy kan ‘n storie daarvan maak en op die regte tye in die storie skep die kinders die klankeffekte soos beskryf.

‘n Klankervaring

‘n Lekker ervaring is om die kinders op een punt te laat begin met die geluid van die “wind”. Voeg meer en meer kinders by totdat almal hul hande vryf. Hulle hou aan daarmee terwyl die eerste groep hulle vingers begin klik. Nou klink dit soos reëndruppels wat val terwyl die wind waai.

Laat meer en meer kinders verander na “reëndruppels”. Die “wind” raak dus stil en die “reën” val al hoe harder. Herhaal die proses nou met “reëndruppels” wat al hoe sagter val, maar stortreën wat harder word.

Keer die proses om. Die “stortreën” verander geleidelik in “reëndruppels” wat val en daarna hou die “reën” op en net die “wind” waai. Sluit af deur die “wind” minder te maak totdat dit stil is.

(As leier moet jy baie mooi verduidelik. Om die ervaring goed te laat werk, moet jy baie duidelik wys wanneer ‘n groep moet inval en wanneer hulle die aksie moet verander. Geniet dit!)

Blinde vertroue: Kinders verdeel in pare. Een kind word geblinddoek en deur die ander kind gelei op ‘n pad wat jy bepaal. Die kind wat lei, raak nie aan die een wat geblinddoek is nie, maar gee net mondelinge opdragte. *(Dit berei ons voor vir die verhaal waarin Jesus net met die storm praat.)*

Wanneer hulle hul bestemming bereik, haal hulle die blinddoeke af. Die leiertjies skryf hul name op een bord by die emosie gesiggie wat beskryf hoe hy/sy nou voel. Die wat geblinddoek was, doen dieselfde op ‘n ander bord.

Almal sit weer bymekaar en kyk na die borde met die name op. Gesels oor die emosies wat daar aangedui is (sonder om na spesifieke kinders te verwys).

Die wat gelei het, het dit waarskynlik meer geniet, maar was dalk ongeduldig met die wat geblinddoek was en nie verstaan het nie. Vir die wat geblinddoek was, was dit dalk heelwat moeiliker en hulle het onseker gevoel omdat hulle

net moes volg waar die ander lei.

Superhero (Hillsong Kids Superhero nr 6)

“Hy hou die hele wêreld in sy hand”

(Kinderlof 1 nr 29)

Luister na Nedine Blom se “Bang”

(Supercool 2 nr 3)

WYDING

Temalied: “Jesus be the centre”

Nedine Blom se “Wie” (Supercool nr 8)

Stilword–ritueel: soos met die vorige ontmoetings

Gebed: Elke kind “skryf” met sy vinger in sy ander handpalm waarvoor hy/sy bang is. Vou die vingers van albei hande inmekaar om een groot vuis te maak. Almal maak nou hul oë toe.

Gaan voor in gebed: “Here, ek het in my hand geskryf waarvoor ek bang is. U weet wat ek geskryf het. Ek glo dat U my help en beskerm. Amen”

Maak oë oop en vryf hande teenmekaar.

WOORD

Lees Markus 4:35–41 vir die hele groep.

Verdeel in kleingroepe met kleingroepleiers en dramatiseer die verhaal.

Kom terug in die groot groep.

Die kinders dink na oor die verhaal:

1. Ek wonder van watter deel van die verhaal het jy die meeste gehou.
2. Ek wonder watter deel van die verhaal dink jy is die belangrikste.
3. Wie is jy in die verhaal?
4. Ek wonder of daar ‘n deel is wat jy sou uitlaat.

WERSKAF

- Bakke met water (dalk buite) waarin kinders kan golfies maak.
- Papierbootjies om te vou
- Kleurkryte en papier
- Maak ‘n bootjie van uitgeholde lemoen gevul met jellie en ‘n seil.



Vou ‘n papierbootjie:

1. Begin met ‘n stuk papier van enige grootte.



2. Vou die papier diagonaal oor en knip die orige papier af (sodat die papier ‘n vierkant vorm).



3. Vou die een punt oor die papier om die boot se mas te vorm.



4. Maak die papier weer oop en vou dan na die teenoorgestelde kant. Die boot is nou klaar.